Die Wet en Evangeliereeks: Les 3

**Liefde vir God en ons naaste.**

Ons hoor dit van kleinsaf: ons moet God liefhê! Ons moet ons naaste liefhê

Wat is hierdie liefde waarvan die Bybel praat?

1. **Wat sê die Ou Testament: wat is regte liefde vir God**.

In Deuteronomium 5:1 tot 22 gee Moses aan die volk van die Here die wet van God. In die Bybel het ons twee verhale oor hoe die Tien Gebooie aan Israel gegee is. Die een is die bekende gedeelte in Exodus 20. Die ander weergawe is in Deuteronomium 5

In Deut. 6:4 gee die skrywer vir ons 'n opsomming van die Tien Gebooie: "Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag."

Wat is die hoofsaak, die samevatting of opsomming van die Tien Gebooie volgens die Ou Testament? Deut. 6 verse 4 en 5 stel dit baie duidelik: die liefde vir die Here. [4] "Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. [5] Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag."

Hoe ons die Here moet liefhê is met ons hart en siel, met al ons krag.

Wat moet ons met ons hele hart en siel, met al ons krag doen as ons die Here wil liefhê? Kyk hoe word dit beskryf vanaf Deut. 6:1:

- Ons moet volgens die voorskrifte en bepalings van die Tien Gebooie leef (6:1);
- Ons moet die voorskrifte van die Tien Gebooie gehoorsaam (6:2),
- Ons moet luister na die Tien Gebooie;
- Die Tien Gebooie moet in ons gedagtes bly (9:6) en
- Ons moet die Tien Gebooie by ons kinders inskerp. Ons moet met hulle daaroor praat (6:7).

Die regte manier om God lief te hê volgens die Bybel – is om sy wil te gehoorsaam soos ons dit ken in die Tien Gebooie

2. **Wat sê die Ou Testament: wat is liefde vir jou naaste?**

In Lev. 19:18 kry ons weer 'n kort opsomming van die wet: "Jy mag nie wraak neem of 'n grief koester teenoor jou volksgenoot nie, jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here."

Hoe het jy jou naaste lief soos jouself hê volgens Lev. 19?

As jy eerbied het vir jou pa en ma (vers 2), as jy nie steel en iemand bedrieg nie (vers 11), as jy nie 'n vals eed aflê nie (vers 12), as jy nie jou naaste uitbuit of beroof nie, (vers 13), as jy nie partydig is, of onregverdig oordeel nie (vers 14), as jy nie skinder of mense se lewens in gevaar stel nie (vers 16) en as jy nie haatdraend is, wrokkig of gegrief is nie.

Die wyse waarop 'n mens jou naaste liefhet soos jouself, is om hierdie gebooie na te kom. As jy hierdie reëls oortree, dan is jy nie vir jou naaste lief soos vir jouself nie.

Daar is geen mens wat graag bedrieg, uitgebuit, beroof, onregverdig beoordeel, beskinder of gehaat wil word nie. Naasteliefde beteken om hierdie gebooie dan ook self te onderhou teenoor ander mense.

3. **Hoe sê Jesus vir ons in sy eie woord wat is regte liefde?**
In Jesus se eie woorde is liefde en wetsonderhouding nie twee verskillende sake nie, maar presies dieselfde saak.

In Matteus 22:34 tot 40 kom een van die Fariseërs na Jesus toe. Hy word 'n wetgeleerde genoem. Hulle was mense wat dit hulle lewe gemaak het om presies te weet wat die Tien Gebooie beveel en verbied. Hulle het probeer om volkome daarvolgens te lewe.

[34] Toe die Fariseërs hoor dat Jesus die Sadduseërs die mond gesnoer het, het hulle bymekaargekom, [35] en een van hulle, ’n wetgeleerde, het Hom met ’n vraag probeer vastrek. [36] “Meneer,” vra hy, “wat is die grootste gebod in die wet?” [37] Jesus antwoord hom: “‘Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel’ en met jou hele verstand. [38] Dit is die grootste en die eerste gebod. [39] En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’ [40] In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat.”

Hy het gedink dat Jesus nie die wet geken het nie en probeer het probeer bewys dat Jesus iets anders aan mense leer as wat God in die Ou Testament vir die volk van God geleer het.

Hy vra vir Jesus: " Wat is die grootste gebod in die wet ? " Dit is 'n strikvraag om te bewys Jesus nie die wet ken nie. Hy vra nie wat is groter of beter of anders as die wet nie, maar wat die samevatting van die inhoud van die wet is.

Jesus antwoord hom deur die samevatting soos dit in die Ou Testament geleer word. Kyk mooi wat doen die Here! Wanneer die Here sê jy moet God met jou hele hart, verstand en al jou krag liefhê, is dit nie iets nuuts wat Jesus self uitgedink het nie. Dit is nie iets anders as wat in die Ou Testament geleer is nie. Jesus maak ŉ aanhaling van Deuteronomium 6 se woorde. Dit is nie sy eie of nuwe woorde nie.

Wanneer Jesus sê jy moet jou naaste liefhê soos jouself, dan is dit ook nie iets nuuts wat die Here leer of vir die eerste keer bekend maak nie. Hy maak weer ŉ aanhaling van die woorde wat elke Jood geken het uit Levitikus 6.

Jesus se antwoord is nie iets nuuts of sy eie lering nie. Al wat die Here doen is om twee tekste in die Ou Testament bymekaar te sit en te wys dat regte liefde is om te doen wat in die Here se gebooie staan.

Jesus het nie iets anders as die Fariseërs geleer as dit oor die liefde vir God gaan nie. Die liefde wat Jesus kom leer het as die regte liefde, is presies dieselfde liefde wat die Fariseërs ook geleer het. Regte liefde vir God en mense is wetsonderhouding.

Jesus wys regte liefde is om God se gebooie te gehoorsaam en wetsonderhouding is om lief te hê. Dit is een en dieselfde saak.

4. **Wat leer die apostels Paulus en Johannes in die Bybel oor regte liefde?**
Hierdie twee apostels van Jesus het net soos Jesus ook geleer dat regte liefde en wetsonderhouding een en dieselfde saak is.

**Paulus.**

In Romeine 13:9 en 10 stel Paulus dit so: "Al die gebooie:" Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie, of watter ander gebod daar ook al is, word immers in hierdie een gebod saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet."

Paulus sê die liefde is nie iets anders of groters of beters as die wet nie. Liefde is waaroor elke gebod van die Here gaan. Liefde is die manier waarop 'n mens die gebooie ten volle onderhou. Liefde vir God en die naaste is wetsgehoorsaamheid.

Liefde is wetsonderhouding en wetsonderhouding is liefde.

**Johannes.**

Johannes stel dit so: "Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie onderhou. Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam" 1 Joh. 5:2 en 3. Ware liefde vir God is om God se gebooie te gehoorsaam. Daar is nie 'n ander tipe liefde wat iets anders kan wees as om God se gebooie te gehoorsaam nie.

5. **Samevatting**:

"Die liefde vir God bestaan daarin dat ons God se gebooie gehoorsaam." Liefde vir God bestaan nie in 'n mooi gevoel vir God, 'n mooi gesindheid teenoor God, 'n mooi houding teenoor God of mooi gedagtes oor God nie. Dit is volgens die Bybel nie liefde vir God nie. Liefde word aan die wet van God gemeet.

As jy die wet van God onderhou dan het jy Hom lief. As jy die wet van God nie onderhou nie, dan het jy Hom nie lief nie.

Die liefde vir jou naaste word in die Bybel ook gemeet aan die Tien Gebooie. As jy God se gebooie gehoorsaam: dan het jy mense lief. As jy nie God se gebooie onderhou nie, dan het jy nie jou naaste lief nie.

DUS:

In die Woord van God is liefde vir God en die naaste:
**wetsonderhouding en wetsonderhouding is liefde. In die Bybel is dit nooit twee verskillende sak nie. Dit is een en dieselfde saak.**

6. **Dit is wat ons kerk in sy belydenisskrifte ook leer.**

Die belydenisskrifte van die Ned. Geref. Kerk bely die waarheid van die wet soos ons dit hier in die Bybel gesien het.

A. Die wet is die Tien Gebooie.

In vraag 92 van die Heid. Kat. word gevra: " Hoe lui die Wet van die Here?" en dan is die antwoord: "God het al hierdie woorde gespreek: (Eks. 20: 1-17; Deut. 5:6-21)..... " en dan word die Tien Gebooie aangehaal.

B. Liefde is wetsgehoorsaamheid.

In Heid. Kat. vr. 4 word gevra: "Wat eis die wet van God van ons?" en die antwoord is Jesus se samevatting uit Matt. 22: 37-40. "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelykstaan, is: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' In hierdie twee gebooie is die hele wet en profete saamgevat."

Opsomming:

**LIEFDE IS WETSONDERHOUDING** **DIE WET IS GOD SE GEBOOIE**

| DIE WET: LIEFDE<br>KENNIS VAN SONDE | DIE WET<br>DANKBAARHEID |
|---|---|
| "[37] Jesus antwoord hom: "'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. [38] Dit is die grootste en die eerste gebod. [39] En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' [40] In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat." Matt. 22: 34 – 39.<br><br>1 Johannes 5: 3: "Die liefde vir God bestaan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam. | Toe het God al hierdie gebooie aangekondig:<br>Ek is die Here jou God wat ou uit Egipte, uit die plek van slawerny bevry het Jy mag naas my geen ander gode hê nie Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo in die hemel of op die aarde hieronder nie of in die water onder die aarde is nie. Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want ek, die Here jou God eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde geslag van die wat My haat, maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van die wat My lief het en My gebooie gehoorsaam Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie. Sorg dat jy die Sabbatdag heilig hou. Eer jou vader en jou moeder ..... Jy mag nie moord pleeg nie. Jy mag nie egbreuk pleeg nie. Jy mag nie steel nie. Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie. Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie....<br>Exodus 20 |

7. **<u>’n Toets vir ware liefde!</u>**

Ons kan ons liefde vir God en ons naaste toets.

Ware liefde is altyd onderhouding van die wet van God. Daar kan nie so iets wees soos liefde wat God se wil ongehoorsaam is nie.

’n Mens kan nie God so liefhê dat jy ook in ander gode glo nie
’n Mens kan God nie so liefhê dat jy ander gode vereer en dien nie
’n Mens kan nie God so liefhê dat jy God se Naam misbruik nie.
’n Mens kan nie God so liefhê dat jy Hom nie openlik wil ken nie.

Net so kan ’n mens nie uit liefde

- geen respek vir jou ouers hê of jou kinders bespotlik maak nie;
- jou naaste se naam slegmaak en mense vermoor nie;
- jouself seksueel losbandig gedra
- en mense se goed steel nie.
- Jy kan nooit iemand so liefhê dat jy hom nie sy eie lewe gun nie.

Liefde vir God en jou naaste is altyd gehoorsaamheid aan die wil van God.

Kyk hoe beskryf Paulus die manier waarop liefde ons gehoorsaam laat wees aan die wil van die Here in 1 Kor. 13. So lyk ware wetsgehoorsaamheid volgens die Bybel, soos dit in 1 Kor. 13 beskryf word.

Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is: Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie,
het ek ’n stuk klinkende metaal, ’n galmende simbaal geword. [2] Al het ek die gawe van profesie en ken ek al die
geheimenisse en besit ek al die kennis, en al het ek al die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie,
dan is ek niks. [3] Al deel ek al wat ek het aan ander uit, en al gee ek my liggaam prys om my daarop te kan
beroem, maar ek het geen liefde nie, baat dit my niks.

[4] Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie
verwaand nie. [5] Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek
van die kwaad nie. [6] Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. [7] Dit bedek alles, glo
alles, hoop alles, verdra alles.

[8] Die liefde vergaan nooit nie, maar die gawe van profesie sal verdwyn, die gawe om ongewone tale en klanke te
gebruik, sal ophou, en dié van kennis sal uitgedien raak. [9] Want ons ken maar gedeeltelik, en ons profeteer maar
gedeeltelik, [10] maar wanneer die volledige kom, sal wat gedeeltelik is, uitgedien wees. [11] Toe ek ’n kind was, het
ek gepraat soos ’n kind, gedink soos ’n kind, geredeneer soos ’n kind. Maar noudat ek ’n man is, is ek klaar met
die dinge van ’n kind. [12] Nou kyk ons nog in ’n dowwe spieël en sien ’n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons
alles sien soos dit werklik is. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten
volle ken. [13] En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde!

## 8. **Selftoets!**

Kyk of julle
A. ’n Voorbeeld kan kry waar ’n mens omdat jy lief is vir God of ’n mens
aan God ongehoorsaam moet wees!
B. ’n Voorbeeld kan kry waar ’n mens aan God regte gehoorsaam kan wees sonder
dat dit liefde is!